

## 40. Saalopening – Hardwerkendheid 2

### Ysbreker Idee:

1. Bring drie bestandele saam om koekie deeg mee aan te maak. (meel, sout en water)
2. Reël vooraf met 'n vrywilliger om jou te kom help, of jy kan dit self doen.

Ek is lus om vanmiddag na skool koekies by die huis te gaan bak, en het besluit dat julle my gou gaan help om die deeg aan te maak. Voordat ons begin wil ek julle gou 'n geheim vertel..... ek was gisteraand te lui om te gaan kyk na die resep om te sien wat ek nodig het nie. Ek het sommer probeer onthou watter bestandele om saam te bring.

Laat die vrywilliger, of jy self die deeg aanmaak.

WAG..... daar is fout met die deeg – dis te slap, of te dik - en lyk ook glad nie na koekie deeg nie. Wat 'n mors van ons tyd en my bestandele.

### Inleiding:

HOEKOM het die koekie deeg nie reg uitgekom nie? Ja dis reg, ek het nie al die bestandele hier gehad nie. Die tweede rede is dat ek gisteraand te lui was om te gaan kyk watter bestandele ek nodig het.

Wat 'n gemors!

## Hardwerkendheid

Ons gaan vandag bietjie oor hardwerkendheid gesels. Die woord beteken presies wat dit sê: om hard te werk!

Wie kan vir my sê wat die teenoorgestelde van hardwerkenheid is? Luiheid.

Wat is die les wat ons vandag uit die deeg moet leer?

As ek lui is, en kortpaaie wil vat – soos om nie na die resep te gaan kyk nie - gaan ek geen resultate kry nie. Dit geld nie net vir die aanmaak van deeg nie, maar vir alles in die lewe.

Luiheid bring jou nêrens nie.

Weet julle dat daar 'n vers in die Bybel oor luiheid is? Ja, julle het reg gehoor, kom ek lees dit vir ons:

**Spreeke 6:6** “Gaan na die mier, luiaard, kyk hoe hy werk, en leer by hom.

Miere is altyd aan die gang, altyd besig. Ek wonder of daar êrens miere is wat rondsit en niks doen nie? Ek dink beslis nie so nie.

### **Vrae:**

1. Wat is volgens Spreuke 6:6 so besonders van die mier?
2. Hoekom moet ons na die mier kyk?
3. Wat moet ons volgens die Bybel oor die mier leer?
4. Dink jy dat jy so fluks en hardwerkend soos die mier is?

### **Toepassing:**

As jy hardwerkend of fluks is, dan kry jy resultate, en bereik jy jou doel (as jy een het).

As jy lui is, en kortpaaie vat kan jy nie verwag om resultate te bereik nie. Aan die begin gaan alles dalk goed gaan, maar dit gaan nie lank wees nie, of dinge gaan erg begin skeefloop.

Hier aan die begin van 'n nuwe jaar wil ek julle aanmoedig om hard te werk, sodat julle goed kan doen en resultate kan kry.

Doen jou huiswerk, leer vir jou toets. As jy iets nie verstaan nie gaan vra die onderwyser om dit weer vir jou te verduidelik. Baie kinders is selfs te lui om DIT te gaan doen.

En as jy weer lui is..... onthou van die flukse miere wat jy altyd sien rondbeweeg en wat so hard werk.